



OORWINNING OOR PORNOGRAFIE!

deur Tony Alamo

Psalm 119: 9-16 (BETA): “Waarmee sal 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur Hom te hou aan U WOORD! Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afdwaal van U GEBOOIE nie. Ek het U WOORD in my hart gebêre, dat ek nie teen U sal sondig nie.”

“Aan U kom die lof toe, HERE, leer my U voorskrifte. Ek het met my lippe vertel al die verordeninge van u mond. Om volgens U verordeninge te lewe, gee

my meer vreugde as al die rykdom van die wêreld. U bevele bly my altyd by. Ek gee ag op die pad wat U aanwys. Ek verlustig my in U voorskrifte. U WOORD sal ek nie vergeet.”

Psalm 120:1 lui: “In my nood het ek na die HERE geroep en HY het my gebed verhoor.” Bevry my siel van pornografie O HERE. Pornografie is 'n leuen!

Daar is hoop op bevryding van pornografie in die HERE, die WOORD VAN GOD. Ons is aan die einde van die tyd en Satan weet sy tyd is min.¹ Hy is vol woede, so hy vuur pyle af op heiliges en op die wat graag heiliges sou wou wees, die wat graag vry wil wees van die invloed van Satan se vurige

“skerp pyle van 'n held, met gloeiende kole van besembosse” (Psalm 120:4).

Ons is almal deur GOD geroep om teen Satan te veg, maar dis 'n geveg sonder einde,² indien jy daaglikse bevryding wil hê van Satan se vurige pyl van pornografie. Hy wil hê dat jy die ewigheid saam met hom in die kokende vuur vol lawa en swawel in die Hel, die Poel van Vuur sal spandeer.³ Hoe gaan vandag se mans en vrouens in staat wees om teen die duiwel en sy magtige wapen van wellus, losbandigheid en wêreldse begeertes wat pornografie is, weerstand te bied?

In Psalm 119:9 (BETA) vra Dawid dieselfde vraag: “Hoe kan 'n jongmens [man of vrou] sy [of haar] lewe skoon

hou? [Hy gee aan ons almal die enigste weg wat die WOORD van GOD is.⁴ Sy antwoord is:] Deur hom te hou aan U WOORD! Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van U GEBOOIE nie. [Hier is die groot geheim:] Aan U beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U.”

“Aan U kom die lof toe HERE, leer my U VOORSKRIFTE. [Memoriseer elke week een van die verse. Die Psalms is nie poësie nie, maar die krag van GOD om jou siel te help om die duiwel te weerstaan. Dawid het, andersins sou hy nie kon sê:] Al U bepalings wil ek een vir een opneem. Om volgens

(Vervolg op bladsy 2)

¹ Op. 12:9-12, 20:10 ² Eseg. 33:12-13, 18, Luk. 9:23, 62, Hand. 14:22, Rom. 11:22, Ef. 6:10-18, 1 Tess. 5:22, 2 Tess. 2:13-15, 1 Tim. 4:16, 6:12, Heb. 3:12-14, 1 Pet. 1:13-17, 2 Joh. 8 ³ Jes. 30:33, Matt. 13:24-30, 37-43, 47-50, Mark. 9:43-48, Luk. 3:17, 16:19-31, Heb. 10:26-31, Op. 14:9-11, 19:20, 20:10-15, 21:8 ⁴ Spr. 6:22-23, Matt. 4:3-11, 8:16, Joh. 8:31-32, 14:6, 17:17, 2 Tim. 3:14-17, Heb. 4:12, Jak. 1:21-22

OORWINNING OOR PORNOGRAFIE!

(Vervolg vanaf bladsy 1)

U verordeninge te lewe, gee my meer vreugde as al die rykdom van die wêreld. [Ontvlugting van die mag van slegte begeertes, fantasieë, is om te doen soos die Psalmdigter Dawid]. U bevele bly my altyd bly. Ek gee ag op die pad wat U aanwys. Ek verlustig my in U VOORSKRIFTE, U WOORD vergeet ek NIE” (Psalm 119:9-16).

Herstel van onwettige, seksuele verslawing, van wellus, van boosheid, van die veeleisende aard van pornografie en van alle seksoortredings vereis dat jy rein gedagtes sal koester,

wat net moontlik is as jy konstant mediteer oor die WOORD van GOD!⁵ Bevryding van alkohol, dwelms en alle sonde word op dieselfde manier deur meditasie oor die WOORD van GOD gevind!

Getrouheid aan jou man of vrou in sy of haar afwesigheid en die genesing van die wonde van seksuele verslawing en pornografie⁶ kan SLEGS vermag word deur rein gedagtes te koester – gedagtes wat deur die WOORD van GOD gesuiwer word. Jy moet elke dag hierteen baklei. “Ons neem elke gedagte gevange [deur die WOORD van GOD] om dit aan CHRISTUS gehoorsaam te maak. Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken sodra julle eie gehoorsaamheid volkome is [die onderwerping van die

WOORD van GOD]” (2 Kor. 10:5).

Psalm 119:1-3 (ALFA): “Dit gaan goed met dié wat onberispelik lewe, dié wat wandel in die WET van die HERE. [Die Satan wat gedagtes van bose wellus teweegbring, is dieselfde duivel wat vir jou sê dat die morele wette van God nie meer geld nie!⁷ Dit is ’n LEUEN net soos Satan se leuen dat jy op een of ander manier bevoordeel word deur pornografie. JESUS het gesê, ‘Moenie dink dat EK gekom het om die WET of die profete ongeldig te maak nie. EK het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle te vervul. Want voorwaar sê ek vir julle: voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles vervul is nie.’ (Matt. 5:17-

⁵ Jos. 1:8, Ps. 1:1-3, 19:7-11, 63:5-6, 119:48, 55, 97, 148, 143:5, Spr. 3:1, 6:20-23, 23:12, Matt. 4:4, Luk. 11:28, Joh. 8:31-36, 15:3-7, 17:17, Hand. 20:32, Ef. 5:25-27, Kol. 3:16, 2 Tim. 2:15, Jak. 1:21-22, 1 Joh. 2:14 ⁶ Jes. 26:3-4, Matt. 5:6, Joh. 6:63, 14:23-24, 15:3, Kol. 3:1-2, 16 ⁷ Ps. 111:7-8, 119:89, 152, 160, 138:2, Pred. 3:14, Jes. 24:5, 40:8, Jer. 31:31-33, Matt. 5:17-48, Mark. 13:31, Luk. 10:25-26, Rom. 3:31, Heb. 10:16, 13:8, Op. 22:18-19

BRIEWE AAN PASTOOR ALAMO

Italië

Geagte pastoor Tony Alamo

Ek dank God weereens vir u bediening en u lewe, Pastoor.

Pastoor, ek moet u bedank vir u onlangse, kosbare geskenke: die Bybel, die Messiasboeke en die literatuur wat u aan my gestuur het. Ek is trots daarop om lid te wees van die ontsagwekkende en glorieryke familie van GOD.

Pastoor Alamo, deur die spesiale genade van ons Here Jesus Christus en met die hulp van u gebede en literatuur, het die Here my tot diens geroep; en deur sy spesiale genade, het ek ’n redelike groot gemeente bymekaar gemaak. Ek vra daarom u toestemming om onder u bediening te werk. Wat dit betref, sal ek die bediening na u bediening vernoem en u sal my direkte geestelike vader wees. Ek hoop om binnekort van u te hoor.

Om die waarheid te sê, u boek het ’n groot impak op mense, veral die Italianers. In die vroeë stadium, was die meeste van hulle huiwerig om die literatuur wat ons aan hulle gebied het, te aanvaar.

Met tyd en gebed, vorder die verspreiding egter nou goed, met minder weerstand.

In die lig hiervan, wil ek graag die volgende items aanvra, Pastoor: twee Heilige Bybels in die Italiaanse taal, ’n klein kasset vir opname en bandopnames met boodskappe asook DVD’s in Engels. Ek hoop dat u gesalfde boeke deur die krag van die Heilige Gees, die oë van baie Italianers sal open en hulle sal lei na die Koninkryk van God se dierbare Seun, Jesus.

U dienswillige dienaar
Pastoor B.K.Sakyi
Ghedi, Italië

Arkansas

Geagte Tony

Meneer, ek wou graag skryf en aan u sê dat die literatuur wat u geskryf het so wonderlik, inspirerend en gevul met God is. Dis vol lering, hoop, die werklikheid en vreugde! Ek prys God vir u en vir hulle!

U literatuur was nog altyd geïnspireer deur God, maar elke stukkie literatuur raak net al hoe beter en beter. Ons kan nie wag vir die pos om te kom, sodat ons dit saam kan lees nie. Dit is wonderlik.

Ons is almal baie lief vir u en ons mis u baie.

V.L.

Texarkana, AR



ALAMO BEDIENING AANLYN
www.alamoministries.com

18). Die duiwel wil nie hê jy moet in die krag van bevryding in GOD SE WOORD glo nie, maar probeer dit en jy sal sien dit is WAAR!] Dit gaan goed met dié wat SY verordeninge gehoorsaam, dié wat met hulle hele hart SY wil doen, geen onreg pleeg nie en in SY weë wandel.”

Satan sal ou herinneringe van seksuele ervarings in jou wakker maak, as jy hom toelaat. Dit moet jy onmiddellik beveg met die WOORD van GOD. Kry jou KJV-Bybel en lees dadelik die Psalms. Moenie wag nie. Satan bly op jou siel. Wanneer daar in 'n oorlog op jou geskiet word, moet jy terugskiet. Satan skiet op jou, so jy moet terugskiet met die WOORD van GOD.⁸ “(Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar

die kragtige [GEESTELIKE] wapens van GOD wat vestings kan vernietig.) Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak” (2 Kor. 10:4-5).

Dieselfde duiwel wat vurige pyle van pornografie op jou afskiet, vertel aan jou dat die WOORD van GOD nie werk nie en dat die WET van GOD, die morele WET nie langer onderhou moet word nie, omdat dit nie meer waar is nie. Dit is dieselfde duiwel wat jou belaster en vals aankla en GOD ook belaster. Ons moet onthou dat hy 'n leuenaar en die vader van alle leuenaars is en beveg moet word (Joh. 8:44).

Die Bybel, die KJV, sê dat ons in 'n oorlog gewikkel is, wat beteken dat ons regverdig moet baklei, met die WOORD van GOD.⁹ Die duiwel vertel aan die hele wêreld dat GOD reeds vir alles gesorg het en vir alles sal sorg, sodat ons niks hoef te doen nie! Dit is 'n leuen! Ons sal geoordeel word o.g.v. ons WERKE.¹⁰ Lees die boek van Jakobus, sowel as die hele BYBEL.

Hoe eer ons GOD? Hoe bewys ons ons LIEFDE aan HOM? “As julle MY liefhet, bewaar my gebooië” (Joh. 14:15). “Hy wat sê, ‘Ek ken HOM’, maar NIE SY gebooië gehoorsaam nie, is 'n leuenaar en die WAARHEID [CHRISTUS] is nie in hom nie” (1Joh.2:4).

Bely jou sondes teenoor GOD
(Vervolg op bladsy 4)

⁸ 2 Kor. 10:3-6, Ef. 6:10-18, 1 Tim. 6:12, Jak. 4:7, 1 Pet. 5:8-9 ⁹ Matt. 26:52, 2 Kor. 10:3-6, Ef. 6:10-18, Fil. 1:27-30, 1 Tim. 6:12, 2 Tim. 2:3-5, Heb. 4:12, 1 Joh. 2:13-17, 4:3-4, 5:4 ¹⁰ Gen. 17:1, 26:4-5, Eks. 15:26, Lev. 22:31, Num. 15:40, Deut. 4:2, 40, Job 34:11, Jes. 56:1-2, Eseg. 3:17-21, 33:1-9, Matt. 25:31-46, 1 Kor. 3:9-17, Gal. 6:7-9, 2 Tim. 4:5-8, Titus 2:11-14, Jak. 2:12-26, 1 Pet. 1:17, Op. 3:2, 15-19, 20:12-13

Filippyne

Geagte evangelis, Tony Alamo

Ek is iemand wat slegs die radio aanskakel wanneer ek na agtergrondmusiek wil luister. Ek is baie lief daarvoor om na klassieke musiek te luister. Een keer het 'n vriendin kom kuier en my van u program vertel en hoe dit haar gehelp het. Ek het na haar geluister en ek het na u program geluister. Sedertdien het die keuse om daarna te luister 'n verandering in my lewe teweeggebring.

Om na u program te luister is vir my inspirerend en ek het daardeur meer van ons Here Jesus geleer.

Virginia J. Torio Pandacan, Manila, Filippyne

Kenia

Ek is baie opgewonde om aan u te vertel dat ek uiteindelik vir Jesus Christus as my persoonlike Verlosser aangeneem het en dat hy gesterf het aan die kruis. Nadat ek na u program geluister het, weet ek nou dat ek verlore was, maar Jesus het my na die lig gebring.

Mag die Almagtige u seën vir die goeie werk wat u doen.

Stuur asseblief aan my 'n paar nuttige Christelike tydskrifte.

Die uwe in Christus

Anribah Gaceri

Meru, Kenia, Afrika

Uganda

Geagte pastoor Tony Alamo

Geluk met die goeie werk wat u en u bediening doen. Ek het u nuusbriewe ontvang vanaf 'n vriend in Kasese, 'n dorp in Uganda. Ek het dit in ons huistaal (plaaslike taal) (Lukonjo) vertaal, om diegene wat nie Engels kan lees nie, te help om dit in 'n verstaanbare taal te lees. U nuusbriewe is my beste hulpmiddel wanneer ek besig is met deur-tot-deur evangelisasie. Baie mense het Jesus Christus aangeneem en die lewens van baie mense is verander.

Wees asseblief so gaaf om soveel nuusbriewe as wat u kan aan my te stuur, asook Bybels. Die kerk waarvan ek pastoor is en die skoolkinders (Little Angels Boarding School, waar ek as kapelaan dien) het dit nodig.

Baie dankie vir u reaksie. Mag die Almagtige U beloon vir u goeie werk.

Die uwe in SY diens

Pastoor Kule Expedito

Kapelaan, Little Angels Boarding School

Kasese, Uganda, Afrika

OORWINNING OOR PORNOGRAFIE!

(Vervolg vanaf bladsy 3)

en toon berou deur die gebed te bid:

My **HERE** en my **GOD**, wees my, sondaar, genadig.¹¹ Ek glo dat **JESUS CHRISTUS** die **SEUN** van die lewende **GOD** is.¹² Ek glo dat **HY** dood is aan die kruis en **SY** kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.¹³ Ek glo dat **GOD JESUS** uit die dode opgewek het deur die krag van die **HEILIGE GEES**,¹⁴ en dat **HY** op hierdie oomblik aan die regterhand van **GOD** sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.¹⁵ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi **U** in my hart in, **HERE JESUS**.¹⁶ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat **U** in my plek gestort het aan die kruis by **Golgota**.¹⁷ **U** sal my nie wegwys nie, **HERE JESUS**; **U** sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want

U WOORD, die Bybel, sê so.¹⁸ **U Woord** sê dat **U** niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.¹⁹ Daarom weet ek dat **U** my gehoor het en ek weet dat **U** my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.²⁰ Ek dank **U, HERE JESUS**, dat **U** my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos **U** beveel en nie meer te sondig nie.²¹

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water, in die Naam van die **VADER** en die **SEUN** en die **HEILIGE GEES**.²² Bestudeer die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel [die King James-weergawe] en wees gehoorsaam.²³

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan hê verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat **JESUS** beveel, moet dan nie vir **GOD** beroof van

SY tiendes en offerhandes nie. **GOD** het gesê, “Sal h mens werklik vir **GOD** beroof? Tog beroof julle **MY**. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons **U**?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle **MY** beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in **MY** huis [siele gered kan word], en toets **MY** hierin, so sê die **HERE, DIE ALMAGTIGE**. Toets **MY** of **EK** nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. **EK** sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die **HERE, DIE ALMAGTIGE**. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die **HERE VAN DIE LEËRSKARE**” (Mal.3:8-12).

11 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 **12** Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 **13** Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 **14** Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 **15** Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 **16** 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 **17** Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 **18** Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 **19** Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 **20** Heb. 11:6 **21** Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 **22** Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 **23** Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

TTony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christelike Ministeries wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die

Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS

in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodskappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Oktober 2011, 2014 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer Oktober 2011, 2014

AFRIKAANS—VOLUME 13600—VICTORY OVER PORNOGRAPHY